

Hulle't my venster se ryt ytganiek moet `n klip

ma don' worry, ganiemand kan vi my trip

kôs toe shout ek, ek shout

Djesis!

en die Lord soema simply show me 'n way out

Hy answer my trug, Hy sê

soema net so plain

regyt

sonner wait

straight

Son of de Lord

Board op djou vensterjie moet cardboard!

en ekke

wie's ekke nie?

ek sê dankie,

dankie Lord

ek accep' daai answer

kôs ek vra mos ma min

kôs afterôl ken ons dan nie daai van de lilies of de veld nie,

dey don' tiol, dey don' spin?

So ek sê vi djulle

ek sê, watch out vi my, watch out

ganiemand kan vi my nie onnerkry

kôs try iemand daai dan maak ek net 'n call

'n shout

Djesis!

... en Hy anwer always, O

Hy answer always

kôs ek sê mos always dankie, dankie Lord, dankie,

dankie

kôs ek vra mos ma min

kôs, soes ek sê, ken ons dan nie daai van de lilies of de veld nie,

dey don' toil, dey don' spin?

So daa hang ek my hemp en my broek oppie draad om te waai droeg innie wind

en ek wiet,

O ek wiet dit sil gebeur exactly nétso

kôs ek si mos die Hére se kind

kôs ek glos mos Hý's daa'bo

kôs ek gló mos

[Adam Small](#) en Chris Jansen (1973): „OOS WES TUIS BES DISTRIK SES“
Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

A selection of poems by [Adam Small](#) transcribed and circulated for study purposes:
Liberation Processes in pre- and post-colonial Southern Africa (LiPSA)
www.benkhumalo-seegelken.de